

Ontmoeting 22

Jesus maak die storm stil God is groter as die storms om ons

Die kinders beleef dat God sterker is as die storms wat om hulle gebeur in die lewe. God is en bly in beheer al woed die storms om ons.

Teks: Markus 4:35-41

Hulpmiddels:

- ◆ Blou lap of kombes
- ◆ Bal of sagte item
- ◆ Plakkaat met Psalm 56:4
- ◆ Prent van 'n boot en golwe
- ◆ Prente van die verskillende vrese
- ◆ Hande met Psalm 56:4 op
- ◆ Verf
- ◆ Tongstokkies
- ◆ Papier
- ◆ Karton golwe
- ◆ Inkleurkryte
- ◆ Botteltjies
- ◆ Gom om proppies vas te plak
- ◆ Blou en silwer blinkers
- ◆ Skottelgoedseep en baba olie
- ◆ Verskillende kleure papier om bootjies uit te sny
- ◆ Gom om bootjies op botteltjies te plak
- ◆ Wit klippies
- ◆ Dun swart koki's om prente te omlin wat op klippe geteken is



WELKOM

Bal op 'n lap: Verdeel die kinders in twee groepe. Vier kinders van die een groep hou 'n groot stuk blou lap of kombes op die hoeke vas. Plaas 'n bal in die middel. Laat die 4 kinders die lap op en af skud. Vier kinders van die ander groep moet probeer om die bal bo-op die stuk lap te hou. Die aanbieder skree na 'n rukkie "Stop". Die groep moet dan dadelik stop om die lap te skud. Herhaal die speletjie met ander kinders uit die groepe totdat almal 'n kans gekry het om die lap te skud of om die bal bo-op te probeer hou.



WYDING

Doen die **stilwoord-ritueel** en sing die **temalied** waarop julle besluit het in ontmoeting 21.



WOORD

Vra die kinders om op hulle rûe te gaan lê en hulle oë toe te maak en te luister na die volgende storie wat jy gaan vertel.

Markus 4:35-41: *(Gebruik jou stem om die storie vir die kinders interessant te vertel. Begin met 'n rustige stem en praat hard en vinnig as dit by die storm kom.)*

Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.” Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by. Skielik het daar 'n groot storm losgebars en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het. Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?” Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op! Bedaar!” Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?” Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

(Die kinders kan nou weer regop sit terwyl jy verder praat (anders raak hulle dalk aan die slaap).

Christene dink daar gebeur nie slegte goed met jou wanneer jy in God glo nie. Die werklikheid is dat daar slegte goed met almal gebeur. Ons le-wens is soos bootjies op die see wat soms deur storms gaan. *(Plak 'n prent van 'n boot teen die muur.)* As jy 'n kind van God is, is jy bevoorreg om die Skepper van die wind en die see saam met jou in jou lewensbootjie te hê. Hy is altyd in beheer, al voel dit soms nie so nie. God los ons nooit alleen nie.

Hoe lyk die storms wat in ons lewens is?

(Plak golwe onder die boot vas en prente van die kinders se vrese op die golwe. Vra vir die kinders om goed te noem wat vir hulle soos storms in hulle lewens voel. Watter goed maak hulle bang, hartseer of benoud?)

Goed wat my bang, benoud of hartseer maak:

- * As mamma en pappa baklei/skei
- * As maats my boelie
- * As maats my spot of stories oor my vertel wat nie waar is nie
- * Goggas en slange
- * Monsters
- * Die donker
- * Toetse en eksamens

(Elke groep se omstandighede verskil. Sit gerus goedjies by wat julle weet vrese veroorsaak in julle kinders se lewens. Plak die prente op die golwe onder die bootjie.)

(Herinner die kinders aan Psalm 56:4 en haal die hande uit met Psalm 56:4 op wat jy voor die tyd uitgeknipt het. Wys vir die kinders dat ons simbolies ons hand uitgestrek opsteek met al vyf vingers oop as ons vir iemand of iets wil wys hulle moet stop.)

Ons gaan nou ook simbolies vir ons vrese sê dat dit moet stop deur 'n hand op elke vrees te plak terwyl ons Psalm 56:4 elke keer herhaal.

Wys een vir een na die prentjies van die goed waarvoor die kinders bang is. Neem 'n hand en plak 'n hand bo-oor die prentjie terwyl die kinders die vers hardop sê.) Bv. Jy hoef nie bang te wees as jou ma en pa baklei nie, want Psalm 56:4 herinner ons (die kinders sê): “Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U”.

(Herhaal hierdie aksie met al die prente en woorde wat jy op die golwe geskryf het.)

Gebed:

“Here, dankie dat ons kan weet dat ons hoef vir niks bang te wees nie. Ons kan altyd op U vertrou.”

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat het die dissipels gedink toe Jesus gelê en slaap het in die boot terwyl daar 'n storm aan die gang was.
2. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as jy saam met hulle in die boot was.
3. Ek wonder hoe voel jy as jy weet God sal jou nooit alleen los nie.
4. Ek wonder hoe jy vir iemand anders kan help wat dalk deur 'n moeilike tyd gaan.



✍ Gee vir die kinders 'n bak vol water met "bubble bath" of skottelgoedseep en laat hulle hulle hande daarin skommel om skuim te maak. Gee hulle kans om te dink aan die goed wat die storms in hulle lewens veroorsaak terwyl hulle die skuim maak. Laat hulle dan hulle hande uit die water haal en met hul hande "stop" wys terwyl hulle Psalm 56:4 opsê.

✍ <https://meaningfulmama.com/jesus-calms-storm-craft-awana-cubbies-bear-hug-17.html> (onder aan bl. 4)

✍ "Story stones" (<https://methodistchildrencreative.ministry.org/2015/05/20/telling-stories-with-story-stones/>) is 'n goeie manier om stories met behulp van storieklippe vir klein groepies kinders te vertel. Verf self klippe of druk of knip prente uit en plak dit op klippe. Gebruik die prente op die klippe om die Bybelstorie te vertel. Gee ook vir die kinders kans om die storie oor te vertel met die klippe as hulle wil.

Seënbede

Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 21.





<https://meaningfulmama.com/jesus-calms-storm-craft-awana-cubbies-bear-hug-17.html>